PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

# Larrie Lavvy Levy Projek



***DupWest Ing het vir De Wet De Villiers Makelaars genomineer. Weereens word die Lavvy met ope arms en spangees ontvang! Beide DupWest Ing en De Wet De Villiers Makelaars betaal hul Levies en die Lavvy mag dus nie aan hulle terug gestuur word nie.***
***Hier is 'n groep foto van De Wet De Villiers Makelaars; Andre Jnr Schelhase, Anelia Jordaan, Anne-Marie De Vos, Bianca Holloway, Callie Schlotfeldt, Carel Breet, Heather Mc Millan, Dandeline Craus, Denise Kirsten, Elanada van Tonder, Eleonore Schelhase, Elette Deysel, Eloise Erasmus, Elrien Botha, Elsa Olivier, Emmarentia Van Ryneveld, Eureka Coetzer, Heather McMillan, Jeanine Fourie, Johann De Wet, Karin Brummer, Karin Knoetze, Louise De Beer, Naomi Fick, Petro De Beer, Susan Grobler, Thomas De Wet, Thomas Schlotfeldt, and Wilma Engelbrecht.***



***De Wet De Villiers Makelaars nomineer op hul beurt vir Panelbeating Unlimited waar die Lavvy deur die werkswinkel 'n draai maak vir 'n kuier by die golf karretjie en die Bestuurspan! Welgedaan aan Panelbeating Unlimited, hul betaal hul Levy en dus mag die Lavvy ook nie terug aan hulle gestuur word nie! Hier is 'n groepfoto van Panelbeating Unlimited – Chris van Wyk; Thato Kgafela, Lizelle Swart; Andre Verwey; Wiehan Schoeman; Bobby Verwey; Jaco Verwey; Melanie Verwey; Hettie vd Westhuizen; Dawn Jordt; en George van Niekerk.***




***Hier is Westvaal Rustenburg spanlede Karabo Maphule; Johan Smal; Paul Francisco; Eddie Achadinha; Stephan Kuwani; Leo Nel; en Millicent Manamela.***

**Rustenburg** – In samewerking met *Coastal Toolhire*, *Digit Vehicle Tracking* en *EVR*, toer Laerskool Rustenburg se *Lavvy* tog te lekker oral in Rustenburg rond!

"Baie dankie aan elke besigheid wat die *Lavvy* met 'n prettige gees ontvang en Larries glad nie teleurstel nie. Ons is opreg dankbaar!"

Die *Lavvy* is toegerus met 'n opsporingseenheid van *Digit Vehicle Tracking*. Deur die '*Toep*' af te laai van *Google Playstore* of die *Appstore* op die I-foon kan die *Lavvy* se daaglikse bewegings gemonitor word. Hou gerus ons Facebook Webblad dop vir foto's soos dit elke dag gebeur!

*EVR* is verantwoordelik vir die vervoer van die *Lavvy* van een besigheid na die nuwe genomineerde besigheid. *Coastal Toolhire* is die borg van ons pragtige, helder oranje *Lavvy* wat vir myle ver gesien kan word!

**Hoe dit werk?** Die *Lavvy* word afgelaai by 'n besigheid wat Laerskool Rustenburg nomineer. Die besigheid mag die *Lavvy* weer by 'n ander besigheid aflaai wat hulle nomineer vir 'n fooi. Sou die besigheid wou voorkom dat die *Lavvy* weer by hulle afgelaai word, mag hulle 'n *Lavvy* betaal wat verhoed dat die *Lavvy* vir 'n tweede keer by hulle beland. Sou hulle die *Lavvy* langer as 24 uur hou, is daar 'n boete betaalbaar.

*DupWest Ing* het vir *De Wet De Villiers Makelaars* genomineer.

Weereens word die *Lavvy* met ope arms en spangees ontvang! Beide *DupWest Ing* en *De Wet De Villiers Makelaars* betaal hul Levies en die Lavvy mag dus nie aan hulle terug gestuur word nie.

*De Wet De Villiers Makelaars* nomineer op hul beurt vir *Panelbeating Unlimited* waar die *Lavvy* deur die werkswinkel 'n draai maak vir 'n kuier by die golf karretjie en die Bestuurspan! Welgedaan aan *Panelbeating Unlimited*, hul betaal hul Levy en dus mag die *Lavvy* ook nie terug aan hulle gestuur word nie!

Maar die pret hou nie hier op nie... die *lavvy* reën sopnat gedurende die nag by *Panelbeating Unlimted*, maar Larries gaan ongedeerd voort! *Panelbeating Unlimited* nomineer vir *Best Auto*.

In die begin was *Best Auto* maar huiwering om my te ontvang.

*Best Auto* stel ons ook nie teleur en met 'n uitstekende sin vir humor aanvaar hulle die *lavvy* en sy uitdaging. Hul betaal dan ook die levy en daarom mag die *lavvy* ook nie weer terug gaan *Best Auto* toe nie.

*Best Auto* nomineer vir *Maemo Motors*, baie dankie *Maemo.* Op hul beurt nomineer *Maemo Motors* toe vir *Westvaal Rustenburg*.

*Westvaal Rustenburg* help graag en nadat alles mooi verduidelik is aanvaar hulle die *lavvy* met al sy oranje glorie en almal glimlag breed! Baie dankie aan *Westvaal Rustenburg* – jul ondersteuning maak dit projek die moeite werd.

*Westvaal* nomineer vir *Leons Motors* – Michelle Herridge is gretig om die *lavvy* afgelaai te kry en Laerskool Rustenburg mag hom daar los tot Maandag! Dankie Michelle! Daarmee sluit ons die week af.

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| EVENT NAME | DATE | VENUE | CONTACT NO | EMAIL / WEBSITE |
|---|---|---|---|---|
| Valentyns-Dans met Elvis se Seun - live | 10 Feb '17 | RTB: Rustenburg Civic Centre | 060-892 5829 | catha.music.productions@gmail.com |
| Outoriteit in Christus Toerustings Seminaar | 10-12 Feb '17 | RTB: Oppieberg Kampterrein | 087-940 4980 | werner@screamer.co.za |
| Indigenous Tree Identification & Tree Appreciation Course | 11 Feb '17 | RTB: Hartley's Rainhill Farm, 2km from Rtb, Magaliesberge | 082-575 4244 | treedance@worldonline.co.za |
| TSKKIA Karate: Extra Kata Class for Grading | 11 Feb '17 | RTB: Methodist Church (Unie St) | 082-463 1073 | tskkia@gmail.com |
| Valentine's Sweet Escape Dinner | 11 Feb '17 | RTB: Protea Hotel Hunters Rest | 014-537 8300 | conference@huntersresthotel.co.za |
| Magalies MTB Classic | 11 Feb '17 | RTB: Steineck Lodge | 014-536 1874 | steineck@polka.co.za |
| Soccer Match: Platinum Stars vs Uniao Do Songo | 11 Feb '17 | RTB: Phokeng, Royal Bafokeng Stadium | 014-573 4743 | info@platinumstars.com |
| Mining Roadshow Exhibition | 16 Feb '17 | RTB: Civic Centre Rustenburg | 074-255 1933 | miningexhibition@vodamail.co.za |
| Valentine's Pink Weekend | 17 Feb '17 | RTB: Protea Hotel Hunter's Rest | 012-335 7589 | zack@pinkweekends.co.za |
| Daizy Photography NEW Studio Opening | 18 Feb '17 | RTB: Rex-pad, verby Tarentaal Teater, oorkant Duka kafee | 081-539 1882 | heilletjehall9@gmail.com |
| Soccer Match: Platinum Stars vs Mamelodi Sundowns | 18 Feb '17 | RTB: Phokeng, Royal Bafokeng Stadium | 014-573 4743 | info@platinumstars.com |
| Soccer Match: Platinum Stars vs Mamelodi Sundowns | 21 Feb '17 | RTB: Phokeng, Royal Bafokeng Stadium | 014-573 4743 | info@platinumstars.com |
| Francois van Coke & Arno Carstens ** | 24 Feb '17 | BOKSBURG: Carnival City | 011-815 3000 | admin@lefra.com |